DEEL 118 | WEEK 38 | 18 SEPTEMBER 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# Klein handjies, groot impak



Die Graad 2-leerders van Hoërskool Heilbron het Boomplantweek op hul eie besondere manier gevier deur 'n boom op die skoolterrein te plant.

Met hande in die grond en groot opgewondenheid het die jong leerders saamgewerk om die boom sy nuwe tuiste te gee. Die plant van die boom was nie net 'n praktiese les oor die belangrikheid van bome en 'n gesonde omgewing nie, maar ook 'n klein bydrae tot 'n groener toekoms.

Boomplantweek het 'n lang geskiedenis. Boomdag is in 1872 in Nebraska in die Verenigde State begin, nadat J. Sterling Morton hom beywer het vir 'n spesiale dag waarop bome geplant word. Die idee het later na ander lande versprei en Suid-Afrika het sy eerste nasionale Boomdag in 1983 gevier. In 1996 is die viering van een dag na 'n hele week uitgebrei.

Die doel van Boomplantweek is om mense bewus te maak van die waarde van bome en die belangrikheid daarvan om veral inheemse bome te plant en te versorg. Skole en gemeenskappe word aangemoedig om deel te neem aan groenprojekte wat hul omgewing verbeter.

Vir die Graad 2's was dit sommer 'n lekker praktiese manier om deel te wees van dié groter inisiatief. Met die boom nou stewig geplant, kan die leerders trots wees op die klein stukkie groen wat hulle saam help skep het.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## *’n Veilige plek waar kinders weer kan hoop*

• ***Elmarie Els-Hammann***

In die hart van Heilbron, by Ringerstraat 40, staan ’n plek waar kinders nie net ’n dak oor hul koppe kry nie, maar ook ’n tweede kans op ’n veilige en hoopvolle toekoms.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum is in 2002 tot stand gebring met die doel om kinders en jongmense wat weens moeilike familie- en lewensomstandighede nie in die sorg van hul ouers kan wees nie, ’n veilige versorgingsomgewing te bied.

Die sentrum het ’n geregistreerde kapasiteit van 12 kinders, tans tussen die ouderdomme van 4 en 19 jaar. Elke kind wat deur die sentrum se deure stap, bring sy of haar eie storie, uitdagings, drome en behoeftes saam. Vir sommige is die sentrum ’n plek van stabiliteit nadat hulle reeds verskeie veranderinge en verliese in hul jong lewens beleef het.

Ringerstraat se doel is daarom veel meer as net fisiese versorging. Die kinders word ondersteun om emosioneel, sosiaal en akademies te ontwikkel en om vaardighede aan te leer wat hulle uiteindelik sal help om onafhanklik die wêreld daar buite aan te pak.

**’n Gemeenskap wat ’n verskil kan maak.**

Om hierdie doel te bereik, is die sentrum egter afhanklik van die ondersteuning van die gemeenskap. Die daaglikse behoeftes van twaalf kinders is groot, en finansiële ondersteuning alleen is nie altyd voldoende om in alles te voorsien wat nodig is nie.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum het voortdurend behoefte aan nie-bederfbare kos, vars produkte, toiletware, skoonmaakmiddels, skryfbehoeftes, skoolbenodigdhede, klere en skoene. Daar is ook ’n behoefte aan ondersteuning vir onderhoud en herstelwerk aan die sentrum, toerusting en ander praktiese behoeftes.

Finansiële bydraes, hoe klein ook al, help om die gaping tussen die sentrum se beskikbare fondse en die werklike koste van die kinders se versorging te oorbrug. Besighede en individue kan ook ’n verskil maak deur produkte te skenk, ’n spesifieke behoefte te borg of ’n fondsinsamelingsprojek vir die sentrum te ondersteun.

**Elke kind verdien ’n kans.**

Agter elke behoefte staan ’n kind.
’n Kind wat ’n skoon bed nodig het.
’n Kind wat kos op die tafel nodig het.
’n Kind wat ’n nuwe paar skoene nodig het.
’n Kind wat hulp met skoolwerk nodig het.
’n Kind wat soms net iemand nodig het om te sê: “Jy maak saak.”

Ringerstraat Jeugsorgsentrum glo dat kinders nie deur die omstandighede waarin hulle grootword, gedefinieer behoort te word nie. Met die regte ondersteuning, geleenthede en mense rondom hulle, kan hulle groei tot jongmense wat hul eie toekoms met selfvertroue aanpak.

Die gemeenskap van Heilbron kan deel wees van daardie storie.

Enige persoon, besigheid of organisasie wat die sentrum wil ondersteun of meer wil uitvind oor huidige behoeftes, is welkom om die sentrum te kontak.

Ringerstraat Jeugsorgsentrum
Ringerstraat 40, Heilbron -
Tel: 076 115 6063
Kontakpersoon: Elmarie Els-Hammann
Tel: 079 599 4135
elmarie@vironskinders.org.za

Want wanneer ’n gemeenskap in ’n kind belê, belê ons nie net in vandag nie – ons belê in die mens wat môre ’n verskil kan maak.




Ek het vroeër die jaar besluit dat al hierdie skrywes gaan handel oor wat ek hierdie week geleer het. En nou moet ek bieg: ek het nog niks hierdie week geleer nie. Dalk het ek, want die Springbokke het my weer herinner hòè spanningsvol 'n episode tussen hulle en die All Blacks kan wees. Miskien kan ek ook sê dat ek by Dada Morero en Pemmy Modjadina geleer het om op my tong te byt. Daardie ou niksseggende maar gevleuelde woorde kan jou duur te staan kom.

My ouma Cielie was 'n nooi Stone. Blykbaar van Ierse afkoms, maar ek kan jou verseker dat sy nie eers Engels as Vreemde Taal gehad het nie. Dit was òf Afrikaans òf niks. Klaarblyklik moes ouma Cielie 'n mansnaam gehad het. Cecil Peter Stone. Synde sy toe spog met twee X-chromosome, word sy toe Cecilia Petronella.

Nou kyk, ouma Cielie was die koningin van middagslapies. Nadat my oupa Hansie dood is, het ouma Cielie so paar maande by elke kind gebly. Wanneer dit my ouers se beurt was, het sy saam met my in my kamer geslaap. Klokslag om 14:00, wanneer die middagete se skottelgoed klaar gewas was, het sy op haar bed in my kamer gaan lê. Ek moes dan stiller as 'n muis wees. Sy het seker vyf kussings op haar bed gehad. Dit het altyd gelyk asof sy sit-lê. Haar hande was oor haar bors gevou en haar oë was bottoe. Sy het dan af en toe sulke snorkies gemaak.

Ouma, sal ek dan vra, slaap ouma?

Nee, sussie, sou sy dan sê, ek laat net my *oghe* rus. Nou hoekom sy (en my gryse ou pa) van *oghe* in plaas van "oë" gepraat het, en van *neghe* in plaas van "nege", sal net hulle weet.

Sy het soos mes aan die slaap geraak.

Ek wens ek kon ook so aan die slaap raak. Wie het nou weer geskryf dat die rus elders is? Ek dink dit was Totius in sy gedig Repos ailleurs.

My goeie man doen presies dieselfde. Iets soos "nag, ek gaan nou slaap, lekker slaap." Twee en 'n halwe sekonde daarna haal hy rustig in droomland asem. My groot begeerte.

Neem nou maar gisteraand.

My huisdokter skryf vir my 'n piepklein wit pilletjie voor om my te help slaap. Hierdie is nie 'n nuwe skeet nie. As tiener kon ek deur vulkaniese ontploffings en kleefmyne geslaap het. In my derde jaar op universiteit verlaat die slaap my. Tot op hede. Toe ek op 'n dag met swart kringe om my oë en bewerige bene by doerieryd se huisdokter aanklop, moes hy help. Ek dink ek het toe al so tien of wat jare met my onvoorspelbare slaappatroon saamgeleef.

Iemand het gesê ek moet Camilletee drink. *Great*, dan moet ek in elke geval drie ure daarna toilet toe gaan.

Wat van jy skryf jou joernaal terwyl jy wag op Klaasvakie? Ek het dit al probeer. As ek begin skryf, geniet ek dit so baie dat ek deur die nag sal skryf.

Na baie rate het ek toe vrede gemaak met die klein, wit pilletjie wat meestal nie dadelik werk nie. Soos gisteraand.

Wit pilletjie is gesluk om half nege. Slaap? Geen slaap. Ek lê later en lees. Goeie man vas aan die slaap. Ek? Geen slaap. Teen kwart voor elf bêre ek toe die leesgoed. Hier net voor twaalfuur word ek ongemaklik wakker. Wat is fout, wonder ek? Ek maak my oë weer toe. Allerhande goeters storm my brein binne.

Het pikkewyne knieë? Kan honde die verskil tussen donkerblou en swart sien? Hoekom hang vinknessies onderstebo? Hoe weet die mense wat padmaak wie moet ry en wie moet bly? Dink maar aan 'n groot kruising soos Pretoria se Rigellaan. Ek probeer weer aan die slaap raak. Iewers, dit voel soos 12 minute later, is ek weer wakker. Ek weet nou wat fout is. My maag pyn. Net hier agter my borsbeen. Ek drink twee pynpilletjies. Ek probeer weer slaap.

Die volgende reeks nuttelose inligting stroom deur my brein.

Hoekom beteken die twee Engelse woorde "apiary" en "aviary" verskillende dinge. Dit klink dan so dieselfde. Hoekom het die Audi logo vier ringe en die Subaru ses sterre? Gepraat van sterre: hoekom het Josef sy drome aan sy 11 broers vertel? En hoekom skryf Andrew Lloyd Webber sulke mooi musiek? Is alle verhoë hol aan die onderkant?

Ek raak weer vir 9 sekondes aan die slaap. Nou pyn my maag al hoe meer. Ek wonder hoe my maag aan die binnekant lyk? Is dit pienk of meer oranje? En hoe lyk jou maag binne-kant as jy Oreokoekies geëet het. Drink ‘n maagpynpil vir die wis en die onwis, soos my gryse ou pa sou gesê het. Dis regtig baie seer.

Ek wonder of my gryse ou pa, wat tans in die hemel is, se hare nog groei? Ek wonder of ons mekaar in die hemel gaan herken? Het hy darem al my gryse ou ma gesien en my rooikopsussie?

Ek begin bibber van die koue en sit die elektriese kombers aan. Ek verbeel my dat ek my goeie man kan hòòr sweet.

Ek word net na vyfuur wakker. Die pyn is weg. Amper so ver weg soos die slaap.

En soos elke ander oggend wanneer ek te min geslaap het, neem ek myself voor dat ek vanaand vroeg gaan slaap. En soos elke ander aand, gaan ons weer die prosedure hierbo herhaal.

Hopenlik net sonder die pynpil en die maagpynpil.

Kom ons kyk wat gebeur. Dalk is die rus elders, soos Totius gesê het.

**Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald. Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za Elsstraat 44, Heilbron, 9650**



# Bronnie-trots oor uitstekende matriekuitslae

Hoërskool Heilbron het rede om trots te wees op drie van sy toegewyde onderwysers ná uitstekende uitslae in die 2025 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Juffrou Marina van Zyl, wat Afrikaans Huistaal vir Graad 12 aanbied, het ’n 100%-slaagsyfer behaal, met ’n gemiddelde punt van 62,7%. Mnr. Jan Brits, onderhoof en onderwyser van Afrikaans Huistaal in Graad 9, het eweneens ’n 100%-slaagsyfer behaal, met ’n gemiddelde van 66,9%.

Juffrou Chantal Kruger, wat Engels Eerste Addisionele Taal vir Graad 12 aanbied, het ook ’n 100%-slaagsyfer behaal, met ’n gemiddelde van 63,2%.

Agter hierdie syfers lê ure se voorbereiding, geduld en toewyding om elke leerder te ondersteun en na hul beste te help streef. Die drie onderwysers se prestasies is ’n mooi weerspieëling van die harde werk wat daagliks in die klaskamer plaasvind.

Dit is beslis ’n prestasie waarop die hele Bronnie-gemeenskap met trots kan terugkyk.







*Hanro Volschenk en Izany de Wit het die naweek van 12 September die knoop deurgehaak tydens ’n huwelikseremonie by TJIRP buite Parys. Izany is die dogter van Dolf en Julandie de Wit van Heilbron, en Hanro die seun van Altus en Annelise Volschenk, ook van Heilbron. Die paartjie gaan hulle op ’n plaas in die Heilbron-omgewing vestig, waar hulle hul getroude lewe saam sal begin.*

# Pretstap sorg vir ’n jolige oggend







Kleuterkasteel se pretstap het die naweek van 22 September by die Iceberg Family Fuel City (Truckstop) afgeskop, met sowat 60 deelnemers wat die 5 km- en 10 km-roetes aangedurf het. Die oggend het behoorlik gegons van geesdrif, met deelnemers van jonk tot oud wat die roetes aangepak en mekaar langs die pad aangemoedig het. Elkeen wat die eindstreep gehaal het, is met ’n medalje beloon.

Maru Enslin van Petrus Steyn het die 10 km-wedloop gewen en ’n geskenkbewys van Brew Brothers ingepalm, terwyl Tracy Jacobs en Natassha Jonker die 5 km-wedloop gewen het.

L&T het die waterpunte behartig en seker gemaak deelnemers kon langs die roete ’n welkome verfrissing kry. Die pretstap was ’n lekker gemeenskapsoggend wat deelnemers die geleentheid gebied het om saam aktief te wees en die dag met goeie gees af te skop.




• *VVA Bestuur*


Die VVA het hierdie jaar hulle 118de bestaansjaar gevier! Ons wil graag ons diepste dank betuig aan elkeen wat op welke manier ookal, gehelp het om ons gemeenskap te dien. Baie dankie aan elke vrywilliger wat kom hande vat het om ‘n verskil te maak.


Die groot behoefte aan skryfbehoeftes het onder VVA Heilbron se aandag gekom, en ons wil die gemeenskap uitnooi om weereens saam met ons, hierdie las vir ons skoolkinders ligter te maak. Enige skenkings van skryfbehoeftes, of fondse daarvoor, kan afgegee word tot en met die 31ste Oktober 2026 by Salon Geody. U kan ook enige van ons vriendelike bestuurslede kontak sodat ons by u kan uitkom.

Ons nooi vrywilligers uit om deel van hierdie wonderlike span te word.

Ons bestuurslede is Rachelle Booysen 073 021 1073, Riana Mouton 073 378 7940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.



# Phitshana Public School learners shine in academics, sport and culture

Phitshana Public School continues to celebrate outstanding achievements across various school activities, with learners excelling in cross country, language enrichment and drumming at district and provincial level.

At the Provincial Cross Country Championships, Phitshana Public School proudly represented the Fezile Dabi District. Mabale Katleho delivered an outstanding performance by securing third position, earning a place at the National Championships. Phakela Vuyo also excelled, finishing in fourth position and qualifying for Nationals.

Other commendable performances included Molefe, who finished in seventh position, and Reanetswe Mofokeng, who secured eighth position. Phakela Thabiso unfortunately did not finish the race on this occasion.

In Language Enrichment, Omolemo Moroka achieved an impressive first position, earning the opportunity to represent Phitshana Public School at Provincial level.

Adding to the school's growing list of achievements, the Phitshana Public School drumming team also secured first position at District level, showcasing the learners' talent, teamwork and dedication in the cultural sphere.

These achievements highlight the commitment and diverse talents of the learners and educators at Phitshana Public School. The school extends its congratulations to all the learners who participated and proudly represented Phitshana Public School and the Fezile Dabi District.



*On the photo pictured: are Me M. Mlaba, Me D.A. Khumalo, Mr M.S. Mkhwanazi, Me M.L. Sejake, Molefe, Mabale Katleho, Reanetswe Mofokeng, Phakela Vuyo, Phakela Thabiso, Principal W.T. Mokoena and Me M.S. Tladi.*



*On the photo pictured: Me M.S. Tladi, Omolemo Moroka's teacher, Omolemo Moroka and Deputy Principal Me M.M. Mkhwanazi.*



*On the photo pictured: Phitshana drummer team.*

## Kenny skitter by SA Landloopkampioenskap




Caydiano Néo, oftewel Kenny, het Heilbron met trots by die SA Landloopkampioenskap verteenwoordig, waar hy hom tussen van die land se beste jong landloopatlete bevind het.

Kenny het teen 146 atlete meegeding en 'n uitstekende 51ste plek behaal. Sy prestasie is 'n bewys van sy harde werk, deursettingsvermoë en liefde vir landloop.

Om op nasionale vlak mee te ding en tussen soveel talentvolle atlete te eindig, is 'n besonderse prestasie waarop Kenny met reg trots kan wees.





# Heilbron se gimnaste blink uit op Vrystaatse verhoog

Heilbron se gimnaste het die naweek hul talent op provinsiale vlak gewys toe die Heilbron Gimnastiekklub in Bloemfontein aan die Vrystaat-kompetisie deelgeneem het.

Die klub se Level 1 tot 3-gimnaste het reeds vroeër vanjaar by die kwalifiserende kompetisie in Bultfontein hul plek op die Vrystaatse verhoog losgeslaan. Al die dogters het gekwalifiseer om aan die provinsiale kompetisie deel te neem en het die naweek hul seisoen op 'n hoogtepunt afgesluit.

Die Heilbron-gimnaste het uitstekend gevaar en altesaam vier goue, nege silwer- en vier bronsmedaljes huis toe gebring.



**Goud:**
Lise Visser
Lilly Quinta
Abuchke Mienie
Johanke De Vries

**Silwer:**
Lianke Keogh
Lianelle Moyo
Gabby Quinta
Marike De Vries
Beuné du Plessis
Kaylee Stadler
Leané Beukes
Wilomé van den Berg
Sophia Slabbert

**Brons:**
Nika van der Westhuizen
Nella Slabbert
Carlize Fick
Ora van Zyl

Met die Vrystaat-kompetisie nou agter die rug, kom die Level 1 tot 3-gimnaste se seisoen tot 'n einde. Die uitslae is 'n mooi beloning vir die ure se oefening, harde werk en toewyding wat die dogters deur die jaar ingesit het.

Afrigter Kyla Bennink kan met reg trots wees op haar gimnaste en sê sy is trots op elkeen van die dogters en die moeite wat hulle deur die seisoen ingesit het. Die medaljes is nie net 'n weerspieëling van hul prestasie nie, maar ook van hul volharding en liefde vir gimnastiek.

HERALD Sport



# Riemland Jagtersvereniging hou suksesvolle jeugskietdag

Die Vrystaatjagters Riemland tak in Heilbron het op 12 September 2026 hul jaarlikse jeugskietdag te Leeuwpoort skietbaan aangebied. Die dag het jong skuts die geleentheid gebied om hul vaardighede in verskillende kategorieë te toets en mee te ding.

**Die uitslae van die dag was soos volg:**

**Graad R–3**
Algehele wenner: Wichardt van Dorssen

**Graad 4–7**
Jaggeweer:
1. André Joubert
2. Wilhelm Dreyer
3. Elinka van Dorssen

**.22-geweer:**
1. Koos van Niekerk (Jnr)
2. Wilhelm Dreyer
3. Adel Kampman

**Windgeweer:**
1. Wilhelm Dreyer
2. Ellie Dreyer
3. Koos van Niekerk (Jnr)

**Graad 4-7**
Algehele wenner: Wilhelm Dreyer

**Graad 8–12**
Jaggeweer:
1. Tanya van Niekerk
2. Heinrich Lange
3. Hannes Joubert

**.22-geweer:**
1. Heinrich Lange
2. Tanya van Niekerk
3. Hannes Joubert

**Windgeweer:**
1. Carina van Niekerk
2. Tanya van Niekerk
3. Hannes Joubert

**Graad 8-12**
Algehele wenner: Tanya van Niekerk

In die ouer-en-kind-afdeling was Japie Steyn en Carina van Niekerk die wenners.

Die Riemland-tak bedank alle jong deelnemers en hul ouers vir hul deelname en ondersteuning, en wens die skuts geluk met hul prestasies. Die dag het weereens die jeug se belangstelling in skietsport en veilige, verantwoordelike deelname aan die sport beklemtoon.



*Op die foto vl: Carina van Niekerk, Japie Steyn en Ericka Erasmus.*




*Op die foto agter vl: Tanya van Niekerk, Hannes Joubert, Wilhelm Dreyer, André Joubert, Carina van Niekerk, Ellie Dreyer en Japie Steyn. Voor vl: Elinka van Dorssen, Wichardt van Dorssen en Koos van Niekerk (Jnr).*

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 12 September 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Richmond gevlieg en die duiwe is om 06:45 gelos en die wenduif is om 14:01 geklok op Bethlehem. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 549 kilometers. 8 Lede en 329 duiwe het deelgeneem.

1. Inkwe Loft
2. Inkwe Loft
3. Heine Hokke
4. Inkwe Loft
5. Heine Hokke
6. Inkwe Loft
7. Wolmarans & Swart B
8. Spartan Pigeons 3
9. Spartan Pigeons 3
10. Inkwe Loft



*Op die foto is Johan Strydom van Inkwe Loft met die wenduif nommer 2480.*





RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
2026 JAARPROGRAM

| | | |
|---|---|---|
| 3 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 6 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 21 SEPTEMBER 2026**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

VERKYKERSKOP Vetvee skou & veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**DINSDAG - 22 SEPTEMBER 2026**

NEWCASTLE/NORMANDIEN
Vetvee veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

STANDERTON: BLACK HILLS DRAKENSBERGER PRODUKSIEVEILING
11:00, Jonkersdam
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN SAVM SKAPE
11:00, plaas "Ons s'n"
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**WOENSDAG - 23 SEPTEMBER 2026**

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

ORANJEVILLE: STELENA SAVM PRODUKSIEVEILING
11:00, Nooitgedacht
Kontak Stiaan Smith 067 596 2491

HERTZOGVILLE: R C MALHERBE ANGUS/BRANGUS VEILING
11:00, plaas Graslaagte
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**DONDERDAG - 24 SEPTEMBER 2026**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

FRANKFORT: RIEMLAND MERINO VELDRAMKLUB
11:00, Gholfklub
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

**VRYDAG - 25 SEPTEMBER 2026**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VENTERSBURG: CD KLEYNHANS (LK DOHNE STOETERY)
11:00, Erfplaas
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND,
PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071